LAERSKOOL WARMBAD
G O D S D I E N S B E L E I D

AGTERGROND

1. Godsdiens speel ’n wesenlike rol in die skoolgemeenskap van Laerskool Warmbad. Godsdienstige oortuigings is ’n belangrike bron van die identiteit, waardes en lewens- en wêreldbeskouing van ouers, onderwysers en leerders. Die skool erken die vormende invloed van geloof en wil godsdiensbeoefening en godsdiensonderrig aktief bevorder. Terselfdertyd word aanvaar dat, tensy die sake met groot sensitiwiteit hanteer word, dit uitsluiting, diskriminasie, verdeling en dwang in die hand kan werk. Dit is teen die agtergrond dat die aanneming van ’n godsdiensbeleid as gebiedend beskou word.

2. Die skool se godsdiensbeleid moet in die lig van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 gesien word. Die Grondwet erken die inherente menswaardigheid van elke persoon, verskans vryheid van godsdiens, gewete en oortuiging, verbied onbillike diskriminasie op enige van die gronde, en waarborg vryheid van uitdrukking. Artikel 15(2) van die Grondwet stel dit duidelik dat godsdiensbeoefening by staats- of staatsondersteunde instellings toelaatbaar is indien sekere voorwaardes nagekom word. Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet gee gevolg aan die bepaling. Ingevolge Artikel 7 mag godsdiensbeoefening slegs by skole plaasvind indien aan drie vereistes voldoen word. Eerstens moet dit ingevolge reëls geskied wat deur die beheerliggaam aangeneem is; tweedens moet dit op ’n billike grondslag plaasvind; en derdens moet bywoning daarvan deur leerders en personeel vry en vrywillig wees. Die bepalings van die *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4* van 2000 moet ook by die opstel en implementering van die beleid in ag geneem word.

3. Die skool se godsdiensbeleid word ook deur die departementele dokument getitel *Religion and Education* insake godsdiens en opvoeding gerig. Dit is belangrik dat die volgende punte ten opsigte van hierdie departementele dokument nie uit die oog verloor word nie:

   - Die dokument wil nie voorskriftelik wees nie, maar erken die reg van beheerliggame om ’n interne beleid aangaande godsdiensbeoefening in die skool te bepaal (p 2).

   - Die dokument is nie godsdiensvyandig nie. Inteendeel, dit respekteer geloof en bevestig die belangrikheid van godsdiensonderrig en godsdiensbeoefening (p 2).

   - Die dokument veronderstel ’n samewerkingsmodel tussen staat en godsdiens waarbinne die sfere van staat en godsdiens weliswaar duidelik onderskei word, maar nie geskei word nie. Kreatiewe interaksie tussen die staat en godsdienstige instansies, sowel as godsdienste onderling, word in die dokument aangemoedig, met die oog op ’n breë waardekonsensus in ons konstitusionele demokrasie (p 4).

   - Die dokument bevestig die belang van die grondwetlike regte waarna hierbo verwys word (p 6). Die dokumente is onderhewig aan, en moet gelees word in die lig van die Grondwet as hoogste reg.

BASIESE UITGANGSPUNTE

4. Laerskool Warmbad erken die menswaardigheid en uniekheid van elke leerder. Die skool is verbind tot waardes van gelykheid, respek en medemenslikheid, en wil ’n veilige omgewing skep waarin leerders hulle volle potensiaal kan ontwikkel. Vir vele ouers is hul uitlewing van die waardes en doelstellings onlosmaaklik met hul geloof en waardestelsel verbonde.

5. Laerskool Warmbad erken diversiteit van alle geloofsoortuigings. Laerskool Warmbad veroordeel egter enige vorm van godsdienstige dwang of godsdiensgebaseerde uitsluiting, hetsy blatant of subtiel. Groot sorg moet aan die dag gelê word om nie ondeurdag op te tree op ’n wyse wat medeleerders en ouers van ander geloofsoortuigings in die skool as diskriminerend en disrespekvol kan beleef nie. Die skool is daartoe verbind om opvoeders voortdurend bewus te maak van, en toe te rus vir die uitdagings wat godsdienstige en kulturele diversiteit aan hulle stel.

6. Opvoeders behoort hulself te vergewis van die samestelling van ’n klas in terme van geloofsagtergrond en moet dienooreenkomsig met respek teenoor alle leerders in hul klas optree. By implikasie mag dit van opvoeders vereis word om ’n basiese kennis op te bou van geloofsoortuigings anders as hul eie.

GODSDIENSBEOEFENING

7. Godsdiensbeoefening kan tydens normale skoolure in skoolbyeenkomste of in klasverband plaasvind.

8. Godsdiensbeoefening is volkome vrywillig. Die vrywillige aard van die bywoon van godsdienstige aktiwiteite moet gereeld vermeld word en daar moet na behoefte alternatiewe geskep word vir leerders wat nie die godsdiensbeoefening meemaak nie of wat alternatiewe godsdiensbeoefening verkies. Opvoeder moet sensitief daarvoor wees dat daar nie op enige wyse onbeheerlike groepsdruk of etikettering sal wees wat leerders van ander geloofsoortuigings subtiel sal beïnvloed om aan die aktiwiteite deel te neem nie.

9. Godsdiensbeoefening moet die verskillende gelowe wat in die skoolgemeenskap teenwoordig is, op ’n billike wyse akkommodeer. Dit is onwenslik om ’n stel onbuigsame riglyne in die verband neer te lê. ’n Verskeidenheid opsies kan, met die Grondwet as rigsnoer, met inagneming van toepaslike wetgewing en die nasionale beleid, en in oorleg met ouers vanuit verskillende gelowe op die proef gestel word.

10. Praktyke wat tipies binne geloofsgemeenskappe onder toesig van godsdienstige ampsdraers beoefen word (bv. die bedien van sakramente) mag nie in die skool beoefen word nie.

11. Van opvoeders word verwag om sensitief te wees vir verskillende vorme van geloofsbeoefening en opvoeders mag nie hulle persoonlike voorkeure vir bepaalde vorme van geloofsbeoefening aan leerders afdwing nie.

12. Godsdiensbeoefening kan ook buite normale skoolure (byvoorbeeld pousetye of na skool) plaasvind, met dien verstande dat sodanige godsdiensbeoefening ook vrywillig moet wees en dat fasiliteite ook op ’n billike wyse aan ander geloofsoortuigings wat in die skool verteenwoordig word beskikbaar gestel moet word.

GODSDIENSTE-ONDERRIG

13. Die departementele kurrikulum vir godsdiensteonderrig (“religion education”) wil leerders die onderskeidende kenmerke van verskillende godsdienste leer en waardering vir diversiteit kweek, terwyl elke leerder terselfdertyd aangemoedig word tot ’n diep verbintenis tot en waardering vir sy/haar eie geloofs-tradisie. Laerskool Warmbad ondersteun die klem wat die kurrikulum op die ontwikkeling van kritiese, dog verantwoordelike landsburgers (“citizenship”) binne die konteks van Suid-Afrika as ’n diverse gemeenskap plaas.

14. Met die onderwysdepartement se voorgestelde kurrikulum en uitkomste as uitgangspunt, is godsdienste-onderrig deel van die skool se onderrigprogram.

INSPRAAK EN KLAGTES

15. Die skoolhoof, personeel en beheerliggaam nooi alle leerders en hulle ouers uit om, indien vir hulle spesifieke geloofsoortuigings nie voorsiening gemaak word in die skool nie, en die behoefte daartoe by hulle bestaan, met die skoolhoof, personeel of beheerliggaam te praat oor die voorsiening van fasiliteite en die aanbieding van gepaste godsdiensoefeninge. Die daarstel van sulke geleenthede sal saam met hierdie leerders, ouers en die geloofsgemeenskappe waartoe hulle behoort beplan word.

16. Indien enige onderwysers, leerders en/of hulle ouers beleef dat bepaalde vorme van geloofsbeoefening in die skool gewetensdwang op hulle toepas, hulle etiketteer, of indien hulle meen dat die aktiwiteite uitgesproke of subtiel nie vrywillig van aard is nie, word hulle versoek om dit onder die aandag van die skoolhoof, personeellid of beheerliggaam te bring.

17. Terugvoer oor die implementering van die godsdienste-onderrig kurrikulum word ook verwelkom.

ONDERTEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN

_____ 20____

_____ _____

VOORSITTER VAN BEHEERLIGGAAM SKOOLHOOF